

Die resultate van rentmeesterskap



SABBATMIDDAG

Leesverwysings vir hierdie week se studie:

II Timóteüs 3:1–9; Eségiël 14:14; Filippense 4:4–13; Spreuke 3:5; I Petrus 2:11, 12; Mattéüs 7:23; 25:21.

Geheeteks:

“en hou julle lewenswandel onder die heidene skoon, sodat as hulle van julle kwaad spreek soos van kwaaddoeners, hulle op grond van die goeie werke wat hulle aanskou, God kan verheerlik in die dag van besoeking” (I Petrus 2:12).

Ons as rentmeesters moet van die God wat ons dien, getuig, wat beteken dat ons die mense om ons kragtig ten goede moet beïnvloed. Ons verhaal moet dus nie van die wêreld rondom ons geïsoleer word nie. In plaas daarvan, is ons bevoorreg om ‘n beter leefwyse te weerspieël aan hulle wat nie van die dinge wat ons ontvang het, weet nie. Rentmeesterskap is om florerend op te tree terwyl ons God se oproep om godvrugtige lewens te leef, aanvaar. God gee aan ons die vaardigheid om verskillend van enige ander lewenstyl op aarde te lewe (*II Korintiërs 6:17*), en dit is iets wat ander behoort raak te sien en ons daarna uit te vra. Daarom word daar aan ons gesê: “Maar heilig die Here God in julle harte en wees altyd bereid om verantwoording te doen aan elkeen wat van julle rekenskap eis omtrent die hoop wat in julle is, met sagmoedigheid en vrees” (*I Petrus 3:15*).

In hierdie laaste les kyk ons na die persoonlike voordele, geestelike gevolge, suksesvolle resultate, ons invloed, en die sleutel tot tevredenheid, in die rentmeester se lewe, wetende dat dit alles oor “Christus onder julle, die hoop van die heerlikheid” (*Kolossense 1:27*), gaan.

**Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 31 Maart.*

Rentmeesterskap en godvrugtigheid

Godvrugtigheid is ‘n eindelose onderwerp. Godvresende mense beoefen ‘n heilige lewenstyl (*Titus 1:1*), en is besig om soos Christus te word met ‘n gesindheid van toegewydheid, en met handeling wat Hom behaag (*Psalms 4:4, Titus 2:12*). Godvrugtigheid is die bewys van ware geloof, en ontvang die belofte van die ewige lewe. Geen filosofie, rykdom, beroemdheid, krag, of ‘n bevoorregte afkoms het so ‘n belofte nie.

Lees II Timóteüs 3:1–9. Waarteen waarsku Paulus hier wat direk aan die lewe van ‘n getroue rentmeester gekoppel is?

Die Boek Job beskryf Job se karakter en handeling. Dit illustreer hoe ‘n godvresende lewe lyk, selfs wanneer jy deur beproewinge geteister word. Dit toon ook hoeveel Satan so ‘n lewenstyl haat. Selfs God het erken dat daar niemand soos Job was wat sy geloofskwaliteit en lewenstyl betref het nie (*Job 2:3*). “Daar was ‘n man in die land Us wie se naam was Job; en dié man was vroom en opreg en godvresend en een wat afgewyk het van die kwaad” (*Job 1:1*). Ons sien dus ‘n man wie se geloof nie bloot net woorde of godsdienstige rituele behels het nie, alhoewel dit deel van sy lewe was (*Job 1:5*). Sy eerbied teenoor God kon in ‘n algehele godvrugtige lewe gesien word, self te midde van verskriklike rampe wat hy ondervind het. Om godvrugtig te leef beteken nie dat ons volmaak is nie, net dat ons in ons sfeer volmaaktheid weerspieël.

Lees Eségiël 14:14. Wat sê hierdie vers oor die karakters van hierdie manne? Wat het hulle in gemeen wat in almal van ons gesien behoort te word?

Rentmeesterskap is werklik ‘n weerspieëling van ‘n godvrugtige lewe. Getroue rentmeesters het nie net ‘n vorm van godsaligheid nie. Hulle is godsalig, en hierdie godsaligheid word in hulle lewenstyl geopenbaar, in hoe hulle die dinge wat hulle God aan hulle toevertrou het, hanteer. Hulle geloof word nie net in wat hulle doen, gesien nie, maar ook in wat hulle nie doen nie.

Vergenoegdheid

“Nie dat ek dit uit gebrek sê nie, want ek het geleer om vergenoeg te wees met die omstandighede waarin ek is” (Filippense 4:11). Indien ons onder alle omstandighede tevrede moet wees, wat is die bron van daardie tevredenheid?

In sy skrywe aan Timóteüs, beskryf Paulus onaangename mense wat “... dink dat die godsaligheid winsgewend is ...” (*1 Timótheüs 6:5*). Watter beter beskrywing van sommige van die hedendaagse TV woekeraars kan daar gevind word? Hulle maak baie geld deur aan die luisteraars te vertel dat indien hulle getroue bydraes maak (en daardie “getrouheid” sluit bydraes aan die spreker se bediening in), dan sal hierdie luisteraars ook ryk wees. Die gelykmaking van rykdom met getrouheid is net ‘n ander openbaarmaking van materialisme in die gedaante van die Christendom. Feit is, godsaligheid het niks met rykdom te doen nie. Indien wel, moet sommige van die wêreld se onaangenaamste mense as godsalig beskou word omdat hulle ook van die rykste mense in die wêreld is. In plaas daarvan het Paulus dit afgeweer: “Maar die godsaligheid saam met vergenoegdheid is ‘n groot wins” (*1 Timóteüs 6:6*). Godsaligheid saam met vergenoegdheid in enige omstandigheid is die beste rykdom, want God se genade is by verre meer kosbaar as finansiële wins. Daarom behoort ons tevrede met “voedsel en kler” (*1 Timóteüs 6:8*) te wees. Op die lange duur maak dit nie saak hoeveel ons het nie, daar sal altyd meer wees om te wil hê indien ons geneig is om so te dink.

“Vergenoegdheid onder alle omstandighede is ‘n groot kuns, ‘n geestelike verborgenheid. Dit moet aangeleer word, en as ‘n verborgenheid gesien word . . . Christelike vergenoegdheid is daardie soete, innerlike, stille, minsame gemoedstoestand wat vrywillig onderwerp word aan God, en behae in Sy wyse en vaderlike beskikking onder alle omstandighede, skeep . . . Dit is ‘n fles met kosbare nardussalf, wat baie troosryk en nuttig vir gekwelde harte in onrustige tye en omstandighede is.” — Jeremiah Burroughs, *The Rare Jewel of Christian Contentment*, bl. 1-3, (*vrye vertaling*).

Lees Romeine 8:28, Hebreërs 13:5, en Filippense 4:4–13. Wat vind ons in hierdie verse wat ons kan help om met vergenoegdheid te lewe?

Vertroue

Lees Spreuke 3:5. Watter uiters belangrike boodskap is daar vir ons, veral in die laaste gedeelte, oor om nie op jou eie insig te “steun” nie? (*Sien ook Jesaja 55:9, I Korintiërs 4:5, 13:12.*)

Die leuse en doel van God se rentmeesters is: “Vertrou op die Here met jou hele hart en steun nie op jou eie insig nie” (*Spreuke 3:5*). Natuurlik word dit baiekeer makliker gesê as gedoen. Hoe dikwels mag ons dalk verstandelik in God glo, en in Sy liefde en sorg vir ons, en dan tog voortgaan om ons siek te bekommer oor iets wat ons die hoof moet bied? Soms kan die toekoms baie vreesaanjaend voorkom, al is dit net in ons verbeelding. Hoe moet ons as rentmeesters dan leer om op God te vertrou? Deur in geloof die Here te gehoorsaam in alles wat ons doen. Vertroue is ‘n oefening wat die verstand nie kan uitput nie; intendeel, hoe meer ons op die Here vertrou, hoe meer groei ons vertrou in Hom. ‘n Manier om ons vertrou in God te toon, is om as getroue rentmeesters te leef. Hierdie vertrou is die rentmeester se fondament en dryfkrag, en dit is waarneembaar deur wat ons doen.

“Vertrou op die Here met jou hele hart.” Die frase “jou hele hart” word altyd in die Skrif figuurlik gebruik. Dit beteken dat ons besluite deur die sedes in ons innerlike denke beïnvloed word, en ons dan maak wie ons is (*Mattéüs 22:37*). Dit sluit ons karakter, ons motiewe en ons gesindhede in — dit is die kern van ons wese. Dit is makliker om God te vertrou met die dinge wat jy nie kan beheer nie. Ons het eintlik dan geen ander keuse as om op Hom te vertrou nie. Daarenteen kom egte vertrou uit die “hele hart” wanneer ons ‘n keuse moet maak oor iets wat ons wel kan beheer, en ons vertrou in God dan ons keuse bepaal.

Die apostels illustreer hoe hulle God met hulle hele hart vertrou het: “Hulle was van nature net so swak en hulpeloos as enigiemand wat nou in die werk van die Here is, maar hulle het die Here heeltemal vertrou. Hulle het rykdom gehad, maar dit het uit ‘n “hele verstand en hele siel” kultuur bestaan; en dit kan almal hê wat God eerste en laaste en beste in alles maak.” — Ellen G. White, *Gospel Workers*, bl. 25, (*vrye vertaling*).

Dit is waar dat dit makliker is om God te vertrou vir dit wat jy nie kan beheer nie. Maar wat van die dinge wat jy wel kan beheer? Watter keuses moet jy dalk maak wanneer jou vertrou in God sal bepaal wat jy uiteindelik kies?

Ons invloed

“Want vroeër was julle duisternis, maar nou is julle lig in die Here” (*Efésiërs 5:8*). Paulus beskryf die transformasie van die hart as dit wat gesien kan word: As ons “in die lig wandel” (*1 Johannes 1:7; Jesaja 30:21*), sal ons daaglikse getuienis van beheerde rentmeesterskap ‘n invloedryke lig in ‘n donker wêreld wees. Jesus het gesê, “Ek is die lig van die wêreld ...” (*Johannes 8:12*). Ons weerspieël die lig van God wanneer ons in ons elke dag se optrede in die publiek ‘n stabiele karakter weerspieël.

Op watter maniere bring ons rentmeesterskap eer aan God? Watter invloed het ons handel en wandel op ander? *Mattéüs 5:16, Titus 2:7, 1 Petrus 2:11, 12.*

Rentmeesterskap behels die bestuur van God se besittings, maar eintlik is hierdie verantwoordelikheid groter as dit. Dit word aan ons gesinne, gemeenskappe, die wêreld, en die heelal tentoongestel (*1 Korintiërs 4:9*). Rentmeesterskap wat ook in ons beroepe uitgeleef word, demonstreer die uitwerking wat die beginsels van die koninkryk op ons lewens het. En daarom kan ons andere beïnvloed. Ons openbaar Christus ook deur ons vriendelikheid en sedelikheid, en dit word deur ons Skepper goedgekeur word. Hoe ons ons werk doen, moet ook met die waardes van ons rentmeesterskap ooreenstem. Ons beroep is een van die vlakke waar die rentmeesterskap van ‘n regverdige persoon gesien kan word. “En Hy sal jou geregtigheid laat voortkom soos die lig en jou reg soos die middag” (*Psalm 37:6*). ‘n Rentmeester se invloed by die werk of in sy of haar beroep word nie “... in ‘n verborge plek of onder die maatemmer gesit nie” (*Lukas 11:33*), maar word soos ‘n stad wat bo-op ‘n berg lê, gesien (*Mattéüs 5:14*). As jy doelgerig op hierdie manier by die huis en werk lewe, sal jy die gedagtes en harte van hulle wat rondom jou is, beïnvloed.

“Alles in die natuur het sy vasgestelde werk, en kla nie daarvoor nie. In geestelike dinge het elke man en vrou sy of haar eie besondere plek (invloedsfeer) en roeping. Die rente wat God terug verwag sal eweredig wees met dit wat toevertrou was, volgens die gawe wat in Christus ontvang was Dis nou die tyd en jou voorreg om ‘n stabiele karakter wat aan jou ware morele waarde sal gee, te vertoon. Christus het die reg op jou diens. Dien Hom met jou hele hart” — Ellen G. White, *This Day With God*, bl. 243, (*vrye vertaling*).

Watter soor invloed openbaar jou etiek by die werk aan jou kollegas, of aan hulle wat jou by die huis sien werk? Watter soort boodskap stuur jy aan hulle oor jou geloof?

Die woorde wat ons wil (en nie wil) hoor (nie)

Ons is vreemdelinge en pelgrims op aarde, en die hemel, wat volmaak, pragtig en vol vrede is, is ons uiteindelijke bestemming (*Heb. 11:13, 14*). Tot dan moet ons hier 'n bestaan maak. Die Christelike siening van die wêreld, veral wat die groot stryd betref, maak geen voorsiening vir neutrale partye nie. Ons leef òf vir God, òf vir die vyand. “ ‘Hy wat nie met My is nie, is teen My; en hy wat nie saam met My versamel nie, verstrooi’ ” (*Mattéüs 12:30*). Wanneer Hy terugkom, sal dit duidelik geopenbaar word aan wie se kant ons is.

Op ‘n bepaalde tydstip nadat Christus teruggekom het, sal hulle wie daarop aanspraak gemaak het dat hulle Hom gevolg het, een van twee frases hoor. Wat is daardie frases en wat beteken elkeen van hulle?

Mattéüs 25:21

Mattéüs 7:23

Christus se woorde “ ‘Mooi so ...’ ” is die mees aangename en gerustellende woorde wat ‘n rentmeester ooit wil hoor. Om goddelike, volkome goedkeuring te ontvang vir ons pogings wat ons aangewend het om Sy besittings te bestuur, sal onuitspreeklike vreugde bring omdat ons ons beste volgens ons vermoë gedoen het, wetende dat ons verlossing nie deur ons werke nie, maar deur Christus se werke in ons, bewerkstellig was (*sien Romeine 3:21, Romeine 4:6*). ‘n Getroue rentmeester se lewe is ‘n weerspieëling van sy of haar geloof. Die poging van hulle wat deur werke verlossing probeer bekom se woorde dui aan hoe hulle hulself probeer regverdig voor God deur hulle werke (*sien Mattéüs 7:21, 22*). Mattéüs 7:23 toon hoe tervergeefs hierdie soort selfregverdiging werklik is. “As Christus se volgelinge aan die Here teruggee wat aan Hom behoort, maak hulle vir hulle ‘n skat bymekaar wat vir hulle gegee sal word wanneer hulle sal verneem: ‘Mooi so, goeie en getroue dienskneg, ... Gaan in in die vreugde van jou Heer’ ” — Ellen G. White, *Die Koning van die Eeue*, bl. 439. Rentmeesterskap, is per slot van rekening, ‘n lewe wat geleef word volgens die twee grootse gebooe: liefde vir God en liefde vir ons naaste; dit is die motivering en dryfkrag in alles wat ons doen.

Hoe goed openbaar jou lewe, en weerspieël die rentmeesterskap in jou lewe, hierdie twee grootse gebooe?

Vir verdere studie:

“Christus het na hierdie wêreld gekom om die liefde van God te openbaar. Sy volgelinge moet die werk voortsit wat Hy begin het. Laat ons daarna streef om mekaar te help en te versterk. Om andere se voordeel na te streef, is die manier waarop ware geluk gevind kan word. Die mens werk nie sy eie belange teen deur God en sy medemens lief te hê nie. Hoe onbaatsugtiger sy gees, hoe gelukkiger is hy, omdat hy Gods doel vir hom uitvoer...” — Ellen G. White, *Raad oor Rentmeesterskap*, bl. 24-25. “In ‘n gemeente waar daar lewe is, is daar altyd uitbreiding en groei. Daar is ook ‘n voortdurende wisselwerking van neem en gee, ontvangs en terugbesorging van wat aan die Here behoort. Aan elke opregte gelowige skenk God Sy lig en Sy seën, en die gelowige dra dit in sy werk vir die Here weer aan ander oor. Namate hy gee van wat hy ontvang, verruim hy die vermoë om te kan ontvang. Daar ontstaan ruimte vir ‘n nuwe invulling van genade en waarheid. Die helderheid van die lig neem vir hom toe en sy kennis vermeerder. Om hierdie gee en ontvang draai die lewe en groei van die Kerk. Hy wat ontvang en nooit gee nie, hou spoedig op om te ontvang. As die waarheid nie van hom na ander uitvloei nie, verloor hy sy vermoë om te ontvang. Ons moet die dinge van die hemel deel as ons nuwe seëninge wil ontvang.” — Ellen G. White, *Raad oor Rentmeesterskap*, bl. 36.

Vrae vir bespreking:

1. Hoe gebeur dit dat vertrou in die Here vergenoegdheid tot gevolg het? Hoe word jou intellek beïnvloed as jy God met jou hele hart vertrou (*II Korintiërs 10:5*)? Hoekom is dit so maklik om te sê dat “alles ten goede meewerk” (*Romeine 8:28*), maar so moeilik om dit te glo? Met ander woorde, hoekom sê ons dat ons God vertrou en dit werklik op intellektuele vlak doen, maar tog is ons so bang vir die toekoms?
2. Vra die klaslede om in die klas hulle definisie vir rentmeesterskap in 25 woorde of minder neer te skryf. Vra dan die volgende vraag en vergelyk dan die antwoorde: “In 25 woorde of minder, hoekom is rentmeesterskap ‘n belangrike deel van die Christen se lewe?”
3. Lees *Mattéüs 7:21–23*. Wat lees ons hier? Hoekom sê hierdie mense die dinge wat hulle sê? Wat openbaar hulle woorde oor hulleself? Hoe kan ons seker maak dat – selfs as ons probeer om goeie rentmeesters te wees, selfs as ons probeer om ‘n lewe van geloof en gehoorsaamheid te lewe, selfs as ons probeer om goeie werke in God se naam te doen – ons nie onself op een of ander manier mislei nie?
4. Ons neig om net op ‘n individuele vlak aan ons Christelike invloed te dink. Maar wat van die plaaslike kerk? Watter soort invloed het jou kerk in sy geheel in die gemeenskap?